*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 12 April 2026**
**1e Sondag ná Pase**
**Goeie Herder-Sondag**

**Aan dáárdie kruis, in dáárdie leë graf... het iets met mý gebeur – mý Pase!**

*"Deur die doop is ons dus saam met Hom in die dood begrawe sodat, net soos Christus deur die magtige heerlikheid van die Vader uit die dood opgewek is, so ook ons 'n nuwe lewe sal lei. As ons inderdaad met Hom saamgegroei het in 'n dood soos Syne, sal ons ook met Hom saamgroei in 'n opstanding soos Syne."*
(Romeine 6:4-5)

So, dit het gekom en gegaan: Pase 2026. Party van ons was weg, bietjie 'n asemskepkans in die berg of see toe of by familie langs, mooiweer en rus. Ander van ons was hier – vroegoggende se klein oordenking, duiwe op die kerkdak, Donderdagaand se brood en wyn en donkerte, Vrydagoggend se stroping van als en die kruis, Paassondag die klokgelui, musiek en doopwater. Die tekste uit die Lukas-evangelie, oor vergifnis – só het baie ook deur die uitsendings van ons dienste by Berg-en-Dal ingeskakel en meegeleef. En dan was daar elders nog die oorlogsrumoer en skreiende gevloek...

Gaan die wêreld nou maar weer net aan... ook óns?

*"Wat is die nut van die opstanding van Christus vir ons?"*, vra die Heidelbergse Kategismus (Sondag 17). Wat beteken die Paasgebeure, die kruis en verál die leë graf van Jesus vir mý? En dit is baie interessant dat die antwoord van die Kategismus – ons gereformeerde belydenis uit 1563 – op die verlede, hede en toekoms betrekking het; iets hét gebeur, gebeur nóu en gáán gebeur:

*"Eerstens het Jesus Christus deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak.*
*Tweedens word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek.*
*Derdens is die opstanding van Christus vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding."*

Die Kategismus verwys ons direk na Romeine 6:4-5, ons teksvers, waar Paulus so 'n dertig jaar ná daardie Paasgebeure en in 'n tyd van godsdienstige verwarring vir baie van hulle – byvoorbeeld oor die Ou Testamentiese wette vir die Sabbat, eetgewoontes en reinheid – die gelowiges in die stad Rome wou bemoedig. Met Pase, skryf hy, het daar iets onherroeplik verander, wat my as gelowige – as gedóópte – nou élke dag ánders laat leef; dankbaar, vertroos en met nuwe toewyding...

**JL.**

Hartlik welkom by ons gesamentlike erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Welkom aan besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* of Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke op die tafel – neem gerus een en deel in ons liturgie en lering.

## LITURGIE

**Verwelkoming, en oomblik van stille toewyding...**

**Aansteek van die Paaskers**

**Wydingslied:** “Groot is die Heer” (Lied 333 – Afr/Lat/Afr)

**Votum**

**Seëngroet**

**Lofliedere:** “Liewe Vader, ek sê dankie” (Lied 552:1, 2, 3 en 4)
“Jesus, ons eer U” (Lied 417:1 en 2 – staande)

**Gebed**

**Eerste Skriflesing:** Romeine 6:4-5

**Kinderverhaal...**

**Toewydingslied:** “Heilige Jesus” (Lied 168:1, 2 en 3)
(Terwyl ons sing, gaan die kleiner kinders – Kleuters tot Gr 4 – na hul kategeselokale)

**Tweede Skriflesing:** Romeine 6:1-11

**Toewydingsgebed:** “Jesus, ons loof U!” (Lied 542:2)

**Herinnering aan die Twee Woorde vir ‘n dankbare Opstandingslewe...**

**Geloofsbelydenis:** Apostolicum (staande)

**Danklied:** “In U is vreugde” (Lied 492:1)

**Offergawe van liefde en dank**

**Uitnodiging en uitsending**

**Slotlied:** “Jesus leef, en ons met Hom!” (Lied 415:1, 2 e 3)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 12 April | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens) |
| | 18:00 – Ds. Johan Marais: *“Die nie-so-fynskrif van dissipelskap”* |
| Sondag, 19 April | 09:30 – Ds. Johan Marais; gesinsdiens in saal – ds. Janke Hurter |
| | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens) |
| | 18:00 – Ds. Janke Hurter: *Diens van Woord, stilte, gebed – en ‘n reis na Taizé…* |
| Sondag, 26 April | 09:30 – Ds. Jan Lubbe. |

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 12 Apr. | Koos Kritzinger, Susan Wentzel en Magriet Zietsman. |
| 13 Apr. | Hennie Coetzee, Edward de Villiers, Gert Nel, Marianne Nel en Miriam Tait. |
| 14 Apr. | Teresa Havenga. |
| 15 Apr. | Luvé van der Schyff. |
| 16 Apr. | Dené Jerling, Lilian Brink, Lasya Buys en Stephan du Plessis, Marsha Oberholzer en Maureen van der Merwe. |
| 17 Apr. | Bernadine Bester, Bertus Claassens en Adri Treurnich. |
| 18 Apr. | Béneli Pretorius, Louise Pretorius en Anna van der Westhuizen. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Ansie Barnard (Genl Cronjéstr 38, wyk 9); André Greyling (Serenitas 37, wyk 15); Sheila Prinsloo (Serenitas 160, wyk 15) en prof Danie Strauss (Kapt. Goodmanstr. 3, wyk 1b). Ons dink aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, en bid hul die nabyheid van die Here toe.

*Ons bid in besonder vir die Marais-gesin – ds. Johan en Lienkie-hulle – en hul breër familie hier in ons gemeente. Die eerste rondte van haar behandeling is byna klaar en ons is saam met hulle dankbaar vir tekens van verligting.*

Vir Pastorale Sorg in hierdie tyd: Kontak ds Jan Lubbe (082 784 9362).

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) – in die Konsistorie o.l.v. ds. Jan Lubbe: *"Wysheid vir mense van die Weg – Die Jakobusbrief."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362 (ds. Jan).

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19-30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Die ewige Koninkryk. Vind troos en hoop in Daniël"*. Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166 (ds. Janke).

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *'n Padkaart vir die lewe*. Indien jy wil inskakel, whatsapp na 084 517 8052 (ds. Johan).

## KERKRAADSAKE

**Verkiesing van Kerkraadslede:**

Tydens 'n spesiale kerkraadsvergadering op 22 Maart, is Lihan Botha en Herman Stapelberg as diakens verkies, onderskeidelik vir Wyk 1 en 13. Die bevestiging van die nuwe kerkraadslede sal op Sondag, 19 April plaasvind.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee: April**

Baie dankie aan almal wat in Maart vir ons gasvryheid gesorg het. In April is **Wyke 12** (blok noordwes van Tempe en langs N1) en **13** (verre Weste) aan diens vir Sondae se tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

**Ondersteuning en etes by die Marais-gesin:**
Baie dankie aan almal wat deur die afgelope kwartaal gehelp het met etes by Lienkie en ds. Johan-hulle; so gee ons om… Indien jy gedurende die tweede kwartaal betrokke wil raak en help, kontak asb vir Germarie Adendorff by 079 038 4038.

**Hulpkoster:**
Ons gelukwense en dank aan **Lindi Botes**, wat deur die kerkraad aangestel is as nuwe hulpkoster. Sy staan Oom Piet Wilken op Woensdae en sommige naweke by.

## BEDIENINGE

**Bedieningsvergaderinge:**
Die gemeentelike bedieninge se werksaamhede vir die 2e kwartaal, skop hierdie week af – ons nooi alle lidmate: Kom, gee bietjie van jou tyd en bring gedagtes en energie...

| | |
|---|---|
| Gemeentebediening: | Maandag, 17:30 (Jeugkamer) |
| Jeugbediening: | Dinsdag, 17:30 (Jeugkamer) |
| Erediensbediening: | Dinsdag, 19:00 (Jeugkamer) |
| Getuienis- en Barmhartigheid: | Donderdag, 17:30 (Jeugkamer) |

**GEMEENTEBEDIENING**
**Seniorbediening:**
Alle lidmate 65+ word vroegtydig uitgenooi na Woensdag, 22 April, se kuieroggend vir ons Seniors, om 09:30 in die Jeugkamer. Almal welkom!

**GETUIENIS- EN BARMHARTIGHEID**
**Gemeentemark:**
Maart se Gemeentemark het 'n wonderlike opbrengs gehad – R 5 256! Dankie aan almal vir skenkings en hulp; hierdie maand s'n skuif na Donderdag, 30 April 2026 (let op!)...

**Paasliedere by Pick & Pay:**
Ons sê baie dankie vir die wonderlike ondersteuning met die sing van paasliedere by Preller Walk op 2 April – dit het die boodskap mooi uitgedra…

## EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir daardie betrokke Sondag – vanoggend, 12 April: **Die Helpmekaar Beursfonds.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**

## NUUS VAN ELDERS

As deel van ons 70-jaar vieringe, en uit dankbaarheid vir God se oop hand oor ons gemeente, vat óns vanjaar hande met die gemeente **Philippolis** in die Suid-Vrystaat, en nooi ons alle lidmate uit oor die naweek van 8 tot 10 Mei 2026 'n uitstappie daarheen te onderneem. Vir meer besonderhede, sien die ingeslote program van die NG Kerk Philippolis en begin solank beplan...

WELKOM TERUG AAN AL ONS KATKISANTE – KOM ONS LEER VERDER SAAM...